JJ

dagutat SCIENCE

eetbare sampioen swamvlok
geformuleer vir jou tuin

# Blaaspootjie en Plantluis

met **Sheba en Adino**

Aanbeveel deur

Ludwig's Roses
The Rose That Grows



## Net soos die eetbare sampioen Cordyceps in 'n woud insekte parasiteer net so sal ons veilige sampioen swamvlok formulasie jou tuin beskerm

### Aktiewe Bestanddeel

| Die aktiewe bestanddeel van die Benatbare Poeier Formulasie is eetbare sampioene | | |
|---|---|---|
| **Aktiewe Bestanddeel** | **Beskrywing** | **Handelsnaam** |
| ***Cordyceps militaris***[1] | Eetbare sampioen | **Sheba** |
| ***Cordyceps militaris***[2] | Eetbare sampioen | **Adino** |
| **Die Dagutat Science formulasie bevat lewende sampioen miselium en spore** | | |

### Meng Instruksies

Sny een hoekie oop van elke produk benodig en skud die volume uit in die 75mℓ beker ingesluit.
Vou die hoekie weer toe na gebruik en klam vas met die knippie ingesluit. Stoor die produk in 'n koel droë plek tot die volgende toediening.
Met die meng proses sal die produk 'n melkerige voorkoms vorm. Die produk moet heeltyd geroer word tydens toediening om te verhoed dat dit afsak na die bodem van die houer.
**Vir Grond toediening**: Om die blaaspootjie lewenssiklus te breek word Sheba in die grond toegedien om die blaaspootjie papie in die grond te parasiteer. Meng Sheba in 'n geskikte houer met 10 – 20liter water.
**Vir Bogroei Toediening** : Meng Sheba en Adino saam in 1 liter water in 'n spuitbottel wanneer beide Blaaspootjie en Plantluis teenwoordig is op plante.
Vir blaaspootjie alleen fokus op Sheba en vir plantluis kan Adino gespuit word.

Sien die tabel onder vir die aanbevole dosis.

### Aanbevole Dosis

| **Bogroei toediening vir Blaaspootjie en Plantluis** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Toedienings Periode** | **Produk** | | | **poeier (mℓ) / 1 liter water** |
| | **Blaaspootjie & Plantluis** | **Blaaspootjie** | **Plantluis** | |
| Dag 1 | Sheba | Sheba | Adino | 75 |
| Dag 5 | Adino | Sheba | Adino | 75 |
| Dag 10 | Sheba | Sheba | Adino | 75 |
| Dag 15 | Adino | Sheba | Adino | 75 |
| | Aantal bekers: 75mℓ = 1 beker (1 x 75mℓ) | | | |
| ***NOTA: HERHAAL die bogroei bespuiting elke 5 dae vir die teiken insek.<br>HERHAAL die 15 dag toediening indien die insek populasie telling hoog is<br>Dit is belangrik om kontak te maak met die insek tydens toediening** | | | | |



2021 © Dagutat Science

## Aanbevole Dosis

| **Grond** toediening vir die blaaspootjie papie in die grond | | |
|---|---|---|
| **Produk** | **poeier (mℓ) / 10 liter water** | **poeier (mℓ) / 20 liter water** |
| Sheba | 150 | 300 |
| Aantal bekers: | 150mℓ = 2 bekers (2 x 75mℓ) | 300mℓ = 4 bekers (4 x 75mℓ) |
| ***NOTA: HERHAAL die plant wortel toediening tydens die blom en vrug groeistadium vir groente<br>Doen ten minste drie grond toedienings met 10 dae intervalle vir blaaspootjie papies** | | |

## Toedienings Metode

**Grond :** Gooi 1 liter sampioen swamvlok mengsel rondom elke plant vir die grond toediening en volg op met skoon water sodat die mengsel in die wortelsone van die plant in gewas word.

**Bogroei :** Rig die spuitbottel na die teiken insekte sodat die mengsel kontak maak met die insek.
Die bespuiting moet ook gefokus word op blomme en vrugte.

**Die produk is veilig vir mens, dier en die natuur.**
Die produk kan binnenshuis en buite gebruik word.
Die produk het geen onthoudings periode nie. Met groentetuine kan die produk selfs tot en met die dag van oes toegedien word - die groente is veilig om dieselfde dag geëet te word.
Die produk bevat geen allergene nie.
Die produk benadeel nie voordelige insekte soos bye nie.

*SDG*



2021 © Dagutat Science